SOLIDARITEIT

SKOLE
ondersteuningsentrum

# SKOLE:
# TOEWYSINGS EN POSVOORSIENING
VIR 2026



**Johnell Prinsloo**
Onderwysnavorser
Solidariteit Navorsingsinstituut

# INHOUDSOPGAWE


Skooltoewysings en posvoorsiening vir 2026

Inleiding 3

Metodologie 4

Inhoud 5

1. Demografie 5
2. Onderrigmedium 5
3. Kwintielstatus van skole 6
4. Totale departementele toewysing vir 2025 7
5. Begrote departementele toewysing vir 2026 7
6. Kommentaar met betrekking tot die verandering in toewysings van 2025 tot 2026 8
7. Die impak op skole se vermoë om vir basiese dienste te kan betaal 9
8. Die impak op skole se vermoë om instandhouding te kan doen 10
9. Veranderinge in posvoorsiening van 2025 tot 2026 10
10. Aantal leerders 11
11. Algemene kommentaar oor toewysings 11
12. Algemene kommentaar oor posvoorsiening 12
13. Kommentaar oor die finansiële impak op skole 13
14. Departementele poste (2025-2026) 13
15. Beheerliggaam- of onafhanklike personeel (2025-2026) 14
16. Impak op onderrig en leer 14
17. Die persentasie leerders wat gedeeltelike of volle kwytskelding van skoolgeld ontvang 15
18. Ontvangs van departemente terugbetalings 15
19. Finansiële posisie van skole 16

Algemene opmerkings 17

Gevolgtrekking 18

Aanbevelings 19

# INLEIDING

Hierdie verslag bied ŉ ontleding van skooltoewysings en posvoorsiening vir 2026 gebaseer op data verkry van 60 skole dwarsoor Suid-Afrika, met ŉ sterk fokus op Gauteng, die provinsie waarin meer as die helfte van die respondente geleë is. Dit weerspieël die jongste finansiële en administratiewe uitdagings ná die aansienlike besnoeiings in staatsubsidies wat deur die Gautengse Departement van Onderwys (GDO) geïmplementeer is.

Volgens die GDO is hierdie besnoeiings deel van die nasionale fiskale konsolidasie wat sedert 2021 tot ŉ verlaging van sowat R12 miljard in die provinsiale onderwysbegroting gelei het. Die toewysing per leerder vir kwintiel 5-skole het van ongeveer R900 tot R315 gedaal – 'n afname van 65% – wat sowat 750 skole raak. Kennisgewing oor die besnoeiing is eers ná die begrotingsperdatum van 30 September 2025 uitgereik, wat skole se beplanning ontwrig het.

Die verslag ondersoek die gevolge van hierdie besnoeiings vir skoolbedrywighede, insluitend betalings vir basiese dienste, instandhouding, personeelbehoud en onderriggehalte. Hoë kwytskeldings van skoolfonds (vir tot 50% van leerders) en lae skoolfondsinvordering verhoog die druk op skole wat reeds minder staatsfinansiering ontvang.

Deur statistiese analise, kwalitatiewe terugvoer en amptelike beleidsbronne word ŉ prentjie van ŉ onderwysstelsel geskets wat onder toenemende finansiële spanning verkeer. Skole waarsku dat die huidige model onvolhoubaar is sonder doelgerigte ingryping om onderriggehalte en finansiële stabiliteit te beskerm.



# METODOLOGIE

Die verslag is deur die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) saamgestel op grond van data wat die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) tot op hede by 60 skole ingesamel het. Die skole het inligting verskaf oor hul finansiële toewysings en posvoorsiening vir 2025 en 2026. Die data is verkry deur middel van ŉ gestandaardiseerde aanlyn vraelys wat vrae ingesluit het oor die skool se provinsiale ligging, onderrigmedium, kwintielstatus, finansiële toewysings, posstrukture en persepsies van veranderinge. Dit het ook voorsiening vir kwalitatiewe kommentaar gemaak.

Die steekproef toon ŉ oorverteenwoordiging van Gautengse skole (ongeveer 75%), wat die veralgemening van bevindings beperk, maar steeds ŉ duidelike beeld van breër nasionale tendense bied. Kwantitatiewe analise is gebruik om gemiddeldes en verspreidings te bepaal – byvoorbeeld ŉ gemiddelde toewysing van R600 000 vir 2025 teenoor R400 000 vir 2026 – terwyl kwalitatiewe terugvoer tematies ontleed is om patrone soos finansiële druk, personeelverlies en onderrigimpak te identifiseer. Daar is van direkte aanhalings gebruik gemaak.

Aanvullende konteks is verkry uit verskeie mediabronne, amptelike verklarings van die GDO en relevante beleidsbronne, insluitend die nasionale norme en standaarde vir skoolbefondsing (NNSSB) *(National Norms and Standards for School Funding)* (NNSSF) vir 2024, wat die 65%-besnoeiing (van R900 na R315 per leerder) verduidelik.




Skole: Toewysings en posvoorsiening vir 2026

# INHOUD

## 1. Demografie

ŉ Totaal van 60 skole het aan die steekproef deelgeneem. Die meerderheid van die skole is in Gauteng (75%) geleë. Ander provinsies is minder verteenwoordig wat die veralgemening van bevindings buite Gauteng kan beperk.


Figuur 1




## 2. Onderrigmedium

Afrikaans is die dominante onderrigmedium wat in die steekproef verteenwoordig word, met ongeveer die helfte van skole (50%) wat onderrig uitsluitlik in hierdie medium aanbied. Parallelmediumskole wat onderrig in Afrikaans en Engels aanbied, maak sowat ŉ kwart (25%) van die deelname uit, terwyl Engelse skole 16% uitmaak. ŉ Klein aantal skole (2%) bied onderrig in Afrikaans en Duits aan, terwyl 7% nie hul onderrigmediums aangedui het nie.


Figuur 2



## 3. Kwintielstatus van skole

Die meeste skole in die steekproef (75%) is kwintiel 5-skole, met kleiner verteenwoordiging van kwintiel 4-skole (16%) en bykans geen verteenwoordiging van kwintiel 1-3-skole nie (2%). Ongeveer 7% het nie hul kwintielstatus aangedui nie. Die meerderheid respondente is dus skole wat tradisioneel minder staatsfinansiering ontvang en meer afhanklik van ouerbydraes en skoolfonds is.

Figuur 3




Die Gautengse Departement van Onderwys (GDO) het die subsidies van sowat 750 kwintiel 5-skole in Gauteng met meer as 60% gesny en die per-leerder-bedrag vanaf ongeveer R900 tot R315 verlaag, en het dié besluit slegs ná die begrotingsperdatum aan skole gekommunikeer. Talle kwintiel 5-skole is nie in welvarende gebiede geleë nie, en by sommige skole is groot bedrae skoolfonds oninbaar.


Die GDO het bevestig dat die besnoeiings deel is van nasionale fiskale konsolidasie en voortvloei uit begrotingsdruk sedert 2021, met Gauteng se onderwysbegroting wat sedertdien met sowat R12 miljard gesny is. Volgens dié departement word kwintiel 4- en 5-skole nou streng volgens 2024 se nasionale norme en standaarde vir skoolbefondsing (NNSSB) se sogenaamde toereikende bedrag befonds – oftewel die minimum van R315 per leerder vir kwintiel 5-skole soos deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) bepaal.

## 4. Totale departementele toewysing vir 2025

Die departementele toewysings vir 2025 wissel aansienlik tussen skole. Die meeste skole in die steekproef het toewysings van tussen R500 000 en R1 miljoen ontvang, met enkele van die groter skole wat meer as R1,5 miljoen ontvang het. Aan die ander kant het ŉ betekenisvolle aantal kleiner skole minder as R250 000 ontvang. Die gemiddelde toewysing beloop sowat R600 000, maar hierdie syfer is misleidend weens die groot verskille in leerdergetalle en grootte van skole.

Die breë verspreiding is 'n aanduiding van die uiteenlopende finansiële werklikheid tussen skole in dieselfde provinsiale stelsel.


Figuur 4




## 5. Begrote departementele toewysing vir 2026

Die begrote departementele toewysings vir 2026 toon ŉ duidelike verskuiwing na laer befondsingsvlakke in vergelyking met 2025. Die meeste skole in die steekproef het tussen R250 000 en R1 miljoen vir toewysings begroot, terwyl ŉ kleiner groep minder as R250 000, of meer as R1 miljoen daarvoor begroot het. Ongeveer 17% van skole het aangedui dat hulle nog geen finale toewysing ontvang het nie, of dat die inligting nog onseker is.

Figuur 5




## 6. Kommentaar met betrekking tot die verandering in toewysings van 2025 tot 2026

Die besnoeiing van fondse beloop ongeveer 65% – van R900 na R315 per leerder – en raak sowat 750 skole, met kennisgewing hiervan wat eers ná 30 September 2025 gegee is. ŉ Vergelykende ontleding tussen 2025 en 2026 toon ŉ duidelike afname in die omvang van departementele toewysings: In 2025 het die meeste skole tussen R500 000 en R1 miljoen ontvang, met verskeie skole wat meer as R1 miljoen ontvang het, terwyl die groter toewysings teen 2026 merkbaar afgeneem het. Die aantal skole in die laer kategorieë, veral in die kategorie tussen R250 000 en R500 000, het toegeneem, wat die omvang en impak van die besnoeiing bevestig en op ŉ algehele laer befondsingsvlak in 2026 dui.

Die meerderheid van skole (67%) het aangedui dat hulle ŉ swakker toewysing in 2026 ontvang het, met verskeie respondente wat kommentaar gelewer het oor die skielike aard van die verlaging en die noodsaak om reeds goedgekeurde begrotings te hersien. ŉ Klein persentasie skole (8%) meld verbeterde toewysings, meestal as gevolg van leerdergroei of administratiewe aanpassings, terwyl dieselfde persentasie aangedui het dat hul toewysing onveranderd gebly het. Ongeveer 17% het ten tye van die opname nog geen bevestigde toewysings ontvang nie.

Altesaam dui die data op ŉ oorwegend negatiewe ervaring onder skole, met talle respondente wat frustrasie uitgespreek het oor die laat uitgestuurde en onduidelike kommunikasie oor die nuwe toewysings. Hierdie onsekerheid bemoeilik beplanning en plaas skole se finansiële stabiliteit onder verdere druk.

Figuur 6



## 7. Die impak op skole se vermoë om vir basiese dienste te kan betaal

Die oorgrote meerderheid van skole (ongeveer 80%) meld dat dit moeilik of onmoontlik geword het om vir basiese dienste te betaal nadat hul toewysings verminder is. Slegs ŉ klein groepie (ongeveer 8%) ervaar ŉ beperkte impak, terwyl ŉ paar skole (3%) geen noemenswaardige verskil aangeteken het nie. Ongeveer 8% het geen inligting of ŉ duidelike antwoord verskaf nie.

Figuur 7




Uit die kommentaar blyk dit dat die meeste skole se departementele toewysings nie voldoende is om hul vaste uitgawes te dek nie. Verskeie skole noem dat hul toewysing slegs genoeg is om vir ŉ paar maande vir dienste soos elektrisiteit en water te betaal. Voorbeelde sluit in opmerkings soos: "slegs vir vier maande," "ons munisipale uitgawes is R1,1 miljoen en ons toewysing slegs R120 000," en "die oorspronklike toewysing dek nie eens ons dienste rekening nie."

Skole meld dat hulle toenemend afhanklik raak van ouerbydraes, fondsinsamelings en beheerliggaamfondse om hul basiese koste te dek. ŉ Aantal respondente wys ook op kontantvloei wat onder druk is en die noodsaak om begrotings te herstruktureer. Die algemene toon van die antwoorde is een van ernstige kommer en frustrasie oor die finansiële volhoubaarheid van daaglikse skoolbedrywighede.

## 8. Die impak op skole se vermoë om instandhouding te kan doen

Die meerderheid van skole (ongeveer 80%) meld dat dit moeilik of onmoontlik geword het om instandhouding te doen. ŉ Klein aantal skole (ongeveer 8%) ervaar ŉ matige impak, terwyl slegs enkeles (3%) geen verskil opmerk nie. Ongeveer 8% het geen duidelike antwoord verskaf nie.

Skole dui aan dat slegs noodinstandhoudingswerk gedoen kan word en dat groter herstelwerk of verbeterings uitgestel word. Infrastruktuur begin agteruitgaan, met kommentaar wat verwys na geboue, rioolstelsels en paaie wat nie meer herstel kan word nie. Die algemene indruk is dat die verlaging in toewysings sowel fisieke instandhouding as personeelvolhoubaarheid ernstig benadeel.

## 9. Veranderinge in posvoorsiening van 2025 tot 2026

Die meeste skole (ongeveer 67%) meld dat hul posvoorsiening vir 2026 slegter daaraan toe is as in 2025. Ongeveer 17% ervaar geen verandering nie, terwyl slegs ŉ klein groepie (8%) ŉ verbetering aandui. ŉ Verdere 8% het geen duidelike antwoord verskaf nie.

Verskeie skole meld dat hulle tussen een en agt poste verloor het, selfs in gevalle waar leerdergetalle toegeneem het. Hierdie verliese lei tot hoër leerder-opvoeder-verhoudings, wat volgens respondente in sommige gevalle van 1:37 tot bo 1:40 gestyg het. Skole verduidelik dat dit moeilik gaan wees om beheerliggaamposte te handhaaf omdat skoolfondse afneem en ouers finansieel oorbelas is.

Uit die kommentaar blyk dit dat personeelbehoud ŉ toenemende uitdaging is. In dié verband verwys respondente na die lae of geen herwaardasie van salarisse, die verlies van ervare personeel wat afgestaan word aan skole wat beter pakkette bied, en ŉ groter werkslading vir diegene wat agterbly. Een respondent skryf: “Salarisse maak bykans 50% van ons begroting op. Ons sal dus moet sny, wat groter druk op die personeel plaas.” Sommige skole noem dat hulle beheerliggaamposte moes afskaal, wat personeeltekorte en hoër omset veroorsaak.

Oor die algemeen dui die antwoorde op ŉ verswakte posstruktuur, finansies wat onder meer druk is en ŉ afwaartse impak op personeelstabiliteit en die gehalte van onderrig.

## 10. Aantal leerders

Die skole in die steekproef het gemiddeld sowat 900 leerders en die omvang van die steekproef wissel van klein plattelandse skole met ongeveer 100 leerders tot groot stedelike skole met meer as 1 700 leerders. Hierdie groot verskil weerspieël die uiteenlopende aard van skole in verskillende omgewings.

Verskeie skole rapporteer ŉ groei in leerdergetalle wat groter druk op beskikbare hulpbronne, infrastruktuur en klasgrootte plaas. Respondente noem dat groter klasse ŉ toenemende uitdaging word, veral by skole waar die posvoorsiening gedaal het en hulpbrontoewysings verlaag is. Hierdie groei in leerdertal, gekombineer met befondsingsdruk, dui op toenemende spanning tussen vraag en kapasiteit by talle openbare skole.

## 11. Algemene kommentaar oor toewysings

Die meeste skole het in hul kommentaar frustrasie uitgespreek oor die lae departementele toewysings, asook die ontydige en onvoorspelbare aard daarvan. Verskeie respondente verwys spesifiek na lae terugbetalings vir kwytskeldings van skoolfonds wat die skool toegestaan het. In sommige gevalle het skole miljoene rand aan kwytskeldings toegestaan, maar slegs ŉ klein gedeelte daarvan terugontvang, byvoorbeeld “R50 000 teenoor R6 miljoen kwytskelding” of “R25 480 teenoor R1,27 miljoen.” Verskeie skole rapporteer dat hul terugbetalings minder as vier persent van hul totale kwytskeldingsbedrag beloop het.

Daar heers ook wydverspreide verwarring en ontevredenheid oor die kommunikasie wat in ŉ laat stadium van die Gautengse Departement van Onderwys ontvang is. Sommige skole meld dat hulle eers maande ná die sperdatum die nodige inligting oor toewysings ontvang het, wat hul begrotingsprosesse ontwrig. Een skool het opgemerk: “Inligting hieroor is laas week eers ontvang sodat ons die faktuur kon uitreik.”

ŉ Verdere tema wat sterk na vore kom, is onregverdige kwintielklassifikasie. Skole beskryf hoe hul status as ŉ kwintiel 5-skool nie die werklike sosio-ekonomiese konteks van hul gemeenskap weerspieël nie. ŉ Respondent skryf: “Ons is Kwintiel 5, maar area is armer.” Hierdie persepsie van ongelykheid in befondsing word versterk deur die afname in subsidies en die toenemende afhanklikheid van ouers en fondsinsameling vir basiese uitgawes.

Oor die algemeen dui die kommentaar op ŉ toenemende gevoel van onsekerheid en moedeloosheid onder skole, met baie skole wat twyfel uitspreek oor hul finansiële volhoubaarheid. Die patroon van kommunikasie wat laat ontvang is, ontoereikende terugbetalings en administratiewe onreëlmatigheid het tot wye wantroue in die toewysingstelsel gelei, en het die druk op beheerliggame en ouergemeenskappe verder verhoog.

## 12. Algemene kommentaar oor posvoorsiening

Die oorheersende tema in skole se kommentaar oor posvoorsiening handel oor die verlies van poste en die gevolglike impak op die gehalte van onderrig. Verskeie skole wys daarop dat hulle tussen een en drie onderwysers verloor het, insluitend onderwysers in sleutelposte soos departementshoofde en adjunk-hoofde. Hierdie verliese het tot groter klasgroottes gelei, wat in sommige gevalle tot meer as 45 leerders per klas styg, en het ook verhoogde druk op roosters meegebring – veral in parallelmediumskole waar meer vakke en tale gedek moet word.

Skole beskryf die huidige situasie as onvolhoubaar. ŉ Tipiese kommentaar lui: "Ons het twee GDO-poste en een pos by graad R verloor. As ons dit in geldwaarde omsit, is ons ongeveer R1 miljoen swakker af as vanjaar."

ŉ Ander respondent noem: "Dis belaglik om ŉ adjunkhoof en departementshoof oortollig te verklaar." Hierdie voorbeelde illustreer die omvang van die druk op die bestuur en personeel.

Verder heers daar ŉ duidelike gevoel van frustrasie oor die laat uitgereikte en gebrekkige kommunikasie. Skole meld dat hulle reeds hul begrotings vir 2026 goedgekeur het toe die nuwe inligting oor toewysings en posverliese ontvang is. Dit noop noodvergaderings met beheerliggame en skep groot onsekerheid oor finansiële beplanning.

ŉ Tema wat homself in die antwoorde herhaal, is ook die verhoogde afhanklikheid van ouers en beheerliggame om poste deur BL-fondse te finansier. Skole beskryf hoe skoolfondsverhogings en gereelde fondsinsamelings nou noodsaaklik geword het om kernonderrig te handhaaf. Verskeie respondente wys op die spanning wat dit in die gemeenskap veroorsaak aangesien ouers finansieel reeds oorbelas is.

Oor die algemeen toon die terugvoer dat posverliese en ontydige aanpassings aan die toewysingstelsel ŉ direkte en negatiewe uitwerking het op personeelstabiliteit, klasgroottes en die volhoubaarheid van onderwysgehalte – veral in skole waar hulpbronne reeds beperk is.



## 13. Kommentaar oor die finansiële impak op skole

Uit die kommentaar blyk dit dat die befondsingsveranderinge 'n wesenlike invloed op skole se finansiële volhoubaarheid het. Verskeie skole dui aan dat hulle begrotings moet heroorweeg en dat skoolfondsverhogings onafwendbaar geword het. Invordering van skoolfonds bly egter swak, met baie skole wat slegs tussen 40% en 60% van hul begrotings invorder. Die hoë vlakke van kwytskeldings vererger die druk op inkomste, terwyl die terugbetalings deur die departement as onvoldoende beskryf word.

Skole verwys na die afname van R838 tot R315 in die toewysing per leerder vir kwintiel 5-skole wat, volgens een respondent, "ongeveer 63% minder befondsing" beteken. Verskeie skole meld dat hul begrotings vir 2026 reeds goedgekeur was toe hierdie inligting bekend geword het, wat herbeplanning en nood-vergaderings met beheerliggame genoodsaak het.

Respondente beklemtoon ook 'n toenemende gevoel van onsekerheid en finansiële druk. Baie skole meld dat hulle nou afhanklik is van ouerbydraes en fondsinsamelings om basiese uitgawes en poste te dek. Daar is toenemende vrees dat hierdie model onvolhoubaar is, veral vir Afrikaanse skole wat nie op groot getalle of welgestelde gemeenskappe kan steun nie.

Altesaam dui die terugvoer op 'n finansiële stelsel wat nie tred hou met groeiende koste en leerdergetalle nie en waarin die las toenemend na die ouergemeenskap verskuif.

## 14. Departementele poste (2025-2026)

Die gemiddelde getal departementele poste onder die skole in die steekproef het van sowat 30 in 2025 tot ongeveer 28 in 2026 gedaal. Die omvang wissel tussen 6 en 60 poste per skool in 2025 en tussen 4 en 59 poste in 2026. Groter stedelike skole beskik oor meer poste, terwyl kleiner plattelandse skole dikwels slegs 6 tot 10 departementele poste het wat reeds onvoldoende is om hul onderriglading te dra.

Hierdie afname van gemiddeld een tot twee poste per skool dui op toenemende druk op die onderwysstelsel. Verskeie skole rapporteer dat klasgroottes merkbaar toeneem – in sommige gevalle tot meer as 40 leerders per klas wat individuele aandag aan leerders bemoeilik. Skole noem ook dat die werkslading en administratiewe verantwoordelikhede onder die oorblywende personeel aansienlik styg.

Die vermindering in poste hou ten nouste verband met die kleiner finansiële toewysings en die verlaagde per-leerder-befondsing vir kwintiel 5-skole. Skole met groeiende leerdergetalle beskryf die situasie as onvolhoubaar, aangesien hulle meer leerders met minder personeel moet akkommodeer. Die data beklemtoon 'n verswakkende kapasiteit om die bestaande onderrigstandaard en administratiewe funksies binne die beskikbare hulpbronne te handhaaf.

## 15. Beheerliggaam- of onafhanklike personeel (2025-2026)

Die gemiddelde getal beheerliggaam- of onafhanklike personeellede by die skole in die steekproef oor die twee jare bly ongeveer 25 per skool, met ŉ omvang wat van 1 tot 100 poste wissel. Hierdie poste is van kritieke belang om die tekort aan departementele posvoorsiening aan te vul, veral in skole met groeiende leerdergetalle of reeds bestaande groot klasgroottes.

Hoewel die gemiddelde aantal poste tussen 2025 en 2026 min verander, neem die aard en finansiële las daarvan merkbaar toe. Al hoe meer skole moet bykomende beheerliggaamposte skep om verlore departementele poste te vervang wat die finansiële druk op skoolfondse en ouerbydraes verhoog. Verskeie skole noem dat hul begrotings reeds onder groot druk gebuk gaan en dat ouers nie verdere verhogings kan dra nie.

Respondente beskryf die situasie as ŉ toenemend onvolhoubare model waarvolgens beheerliggame die staatsfunksie van personeelaanstellings moet oorneem. Skole wat wel daarin slaag om hul onderrigstandaard te handhaaf, doen dit meestal deur intensiewe fondsinsamelings en verhoogde skoolfonds – strategieë wat self nie volhoubaar is nie. Spesiale skole meld dat groter groepe en onvoldoende toesig veiligheidsrisiko's skep.

In die geheel toon die data dat beheerliggaamposte ŉ noodsaaklike, maar kwesbare deel van die skool-stelsel uitmaak – afhanklik van ouerbydraes en plaaslike inisiatief in ŉ befondsingsraamwerk wat al hoe minder ruimte vir finansiële stabiliteit laat.

## 16. Impak op onderrig en leer

Bykans alle skole (ongeveer 90%) meld dat die veranderinge in toewysings en posvoorsiening ŉ negatiewe impak op onderrig en leer het. Slegs ŉ klein groepie skole (ongeveer 3%) ervaar geen betekenisvolle verandering nie, terwyl sowat 7% geen duidelike antwoord verskaf het nie.

Die mees algemene probleem wat skole noem, is al hoe groter klasgroottes, wat in sommige gevalle meer as 45 leerders per klas bereik. Dit beperk die mate van individuele aandag wat opvoeders aan elke leerder kan gee en verhoog hul werkslading aansienlik. Skole beskryf ook hoe hierdie groter groepe tot dissipline-probleme en ŉ negatiewe invloed op leergehalte lei. Een respondent verduidelik: "Die werk word nie minder nie – dit veroorsaak dat personeel ŉ nog groter las moet dra, wat lei tot negatiwiteit onder personeel."

Verder rapporteer skole dat hulle nie meer die kapasiteit het om spesialisvakke soos Kodering en Robotika aan te bied, of om die minimum vereistes van die KABV te dek nie. By parallelmediumskole is roosterbeplanning besonder uitdagend omdat minder personeel meer vakke en tale moet dek. Spesiale skole meld dat groter klasgroepe veiligheidsrisiko's inhou, veral in vaardigheidswerkswinkels waar toesig oor leerders noodsaaklik is.

Die antwoorde dui gevolglik op ŉ onderwysomgewing waar groter klasse, minder personeel en verhoogde administratiewe vereistes die gehalte van onderrig bedreig. Skole waarsku dat hierdie druk nie op die lang termyn volhoubaar is nie en reeds ŉ merkbare uitwerking op die personeel se moraal en leerders se leerervaring het. Verder raak hierdie besnoeiings ook voedingskemas by skole, vervoer en infrastruktuur, met die Gautengse LUR vir Onderwys, Matome Chiloane, wat waarsku oor ŉ potensiële ineenstorting van die stelsel.

## 17. Die persentasie leerders wat gedeeltelike of volle kwytskelding van skoolgeld ontvang

Die meeste skole wat aan die steekproef deelgeneem het, het ŉ beduidende persentasie leerders wat gedeeltelik of volledig van die betaling van skoolgeld vrygestel is. Ongeveer 42% van die skole rapporteer dat tussen 11% en 25% van hul leerders kwytskelding ontvang, terwyl 33% aandui dat tussen 26% en 50% van hul leerders vrygestel is. By ŉ klein aantal skole (8%) ontvang meer as 50% van hul leerders kwytskelding, en nog 8% van skole het minder as 10% leerders wat kwytskelding ontvang. Ongeveer 8% van die respondente het nie ŉ duidelike antwoord verskaf nie.

Hierdie hoë vlakke van kwytskelding, veral in die 26-50%-reeks, plaas groot druk op skoolbegrotings. Skole verduidelik dat die terugbetalings deur die departement minimaal is en dikwels slegs ŉ fraksie van die toegekende kwytskeldings dek. Respondente beskryf hul finansiële posisie as "onder ernstige druk" of "gespanne maar hanteerbaar."

Hierdie situasie vererger die afhanklikheid van beheerliggaamposte en verhoog die risiko van onvolhoubare begrotings. Skole waarsku dat die kombinasie van lae invordering van skoolfonds en onvoldoende terugbetalings ŉ bedreiging vir die voortbestaan van gehalteonderwys inhou, veral in gemeenskappe met 'n beperkte vermoë van ouers om by te dra.

## 18. Ontvangs van departemente terugbetalings

Ongeveer die helfte van die skole (50%) meld dat hulle reeds ŉ terugbetaling van die departement ontvang het, terwyl 42% nog geen betaling ontvang het nie. Die oorblywende 8% dui aan dat dit nie op hulle van toepassing is nie, of dat hulle onseker is oor hul status.

Uit die kommentaar blyk dit dat terugbetalings dikwels vertraag word of baie klein is in verhouding tot die totale bedrag van kwytskeldings wat skole toegestaan het. Voorbeelde sluit in gevalle waar slegs R50 000 ontvang is teenoor R6 miljoen se kwytskeldings. Respondente beskryf hierdie terugbetalings as ŉ "druppel in die emmer," wat min verskil aan hul finansiële posisie maak.



Skole wys daarop dat die tydige uitbetaling van terugbetalings van kritieke belang is vir hul kontantvloei, aangesien hierdie fondse dikwels reeds by begrotings ingereken is om basiese uitgawes te dek. Die vertraagde ontvangs van of gedeeltelike betalings dwing skole om op ouers en fondsinsamelings staat te maak.

Verskeie skole herhaal dat hul kwintielklassifikasie nie hul werklike sosio-ekonomiese konteks weerspieël nie, wat beteken dat hulle minder steun ontvang as wat hul leerdergemeenskap se finansiële vermoë regverdig. Hierdie wanverhouding versterk die bestaande ongelykhede in die befondsingstelsel en skep verdere risiko vir skole se finansiële volhoubaarheid.

## 19. Finansiële posisie van skole

Die meerderheid van skole beskryf hul finansiële posisie as synde onder druk of gespanne. Ongeveer 33% van skole sê hul finansies is ernstig onder druk, terwyl nog 33% dit as gespanne maar hanteerbaar beskryf. ŉ Verdere 8% van skole dui aan dat hul situasie onvolhoubaar is, en slegs 8% meen hul finansiële posisie is gesond. Ongeveer 17% het geen duidelike antwoord verskaf nie.

Die data toon dat selfs skole wat hul situasie as "hanteerbaar" beskryf, dit dikwels doen met ŉ waarskuwing dat volgehoue druk op ouerbydraes, stygende uitgawes en lae terugbetalings hul posisie vinnig kan laat verswak. ŉ Groot aantal skole meld dat hulle toenemend op ouers se finansiële bydraes staatmaak, en dit in die lig daarvan dat baie ouers nie in staat is om sodanige bydraes te kan lewer nie.

Verskeie skole beskryf hul situasie as synde "ernstig onder druk" of "onvolhoubaar" met verwysing na begrotingstekorte, agterstallige betalings vanaf die departement en onrealistiese toewysings wat nie skole se basiese uitgawes dek nie. Hierdie toestande dui op ŉ stelsel waar finansiële volhoubaarheid van ŉ groot persentasie van skole in gevaar is – selfs vir dié wat voorheen as goed bestuurde instellings beskou is.



# ALGEMENE OPMERKINGS

**• Begrotingsdruk en strukturele wanbalans**

Die data toon ŉ groeiende gaping tussen die werklike koste om ŉ skool te bedryf en die vlak van staatstoewysings. Selfs skole met groeiende leerdergetalle ervaar afnames in hul toewysings wat op ŉ strukturele wanbalans in die befondsingsmodel dui. In praktyk lei die beginsel van "gelykheid" in befondsing tot onbillikheid waar skole met groter verantwoordelikhede minder hulpbronne ontvang.

**• Die gehalte van onderrig in gevaar**


Hoër leerder-opvoeder-verhoudings (tot 1:45) en die verlies aan kundige personeel hou direkte gevolge vir onderriggehalte en leeruitkomste in. Spesialisvakke soos Robotika en Kodering kan nie oral aangebied word nie, en veiligheidsrisiko's ontstaan by spesiale skole as gevolg van té groot klasgroepe en onvoldoende toesig.

**• Sosio-ekonomiese wanpassing van kwintiele**

Verskeie skole wys daarop dat hul kwintielklassifikasie nie hul gemeenskap se ekonomiese werklikheid weerspieël nie. Dit lei daartoe dat sogenaamde kwintiel 5-skole in arm gebiede minder ondersteuning ontvang, terwyl dié skole se ouergemeenskap nie oor die vermoë beskik om vir die tekort voorsiening te maak nie.

**• Stelselrisiko en volhoubaarheid**

Die kombinasie van krimpende toewysings, hoë kwytskeldings, beperkte terugbetalings en stygende leerdergetalle dui op ŉ stelsel wat onder toenemende spanning verkeer. So ŉ patroon is slegs volhoubaar waar ouers die verskil kan dra – ŉ situasie wat in die huidige ekonomiese klimaat toenemend onrealisties word.



# GEVOLGTREKKING

Die verslag toon duidelik dat openbare skole, veral kwintiel 5-skole, in 2026 onder groot finansiële druk gaan verkeer. Die 65%-besnoeiing in departementele toewysings – van R900 tot R315 per leerder om vir hul basiese dienste te betaal – het ŉ direkte impak op skole se vermoë , personeel te behou en gehalte-onderrig te lewer. Hierdie verlaging in toewysings, wat in ŉ laat stadium en sonder voldoende kommunikasie aangekondig is, het reeds goedgekeurde begrotings ontwrig en groot onsekerheid veroorsaak.

Baie skole beskryf hul finansiële situasie as onder druk of selfs onvolhoubaar. Groter klasgroottes, verlies aan poste en toenemende afhanklikheid van beheerliggaamspersoneel plaas bykomende druk op reeds beperkte hulpbronne, terwyl lae skoolfondsbetalings en hoë kwytskeldings die uitdaging verdiep.

Die bevindings dui daarop dat die huidige situasie nie slegs ŉ begrotingsaanpassing is nie, maar dit is ŉ dieper, stelselmatige verskuiwing van verantwoordelikheid en risiko na individuele skole. Sonder voldoende ondersteuning en tydige ingryping deur die owerhede is die volhoubaarheid van baie skole onseker, wat potensieel wesenlike gevolge vir die gehalte en billikheid van onderwys in Suid-Afrika inhou.



# AANBEVELINGS

Gebaseer op die ontleding van data van die betrokke skole, word die volgende aanbevelings voorgestel om die finansiële en administratiewe uitdagings in die openbare onderwysstelsel te hanteer – veral in Gauteng, die provinsie waarin 50% van die respondente geleë is. Die bevindings dui op ŉ dringende behoefte aan herbesinning oor befondsing, kommunikasie en samewerking tussen skole en owerhede:

- **ŉ Herbepaling van befondsingsvlakke en konsultasie met skole**
  Die GDO behoort konsultasieprosesse met skoolbeheerliggame onmiddellik te hervat om die 65%-besnoeiing in subsidies te hersien. ŉ Meer billike per-leerder-toewysing moet die werklike koste van basiese dienste, onderhoud en personeelvoorsiening weerspieël.

- **Tydige kommunikasie van toewysings en posvoorsiening**
  Die GDO behoort te verseker dat alle toewysings en posvoorsienings betyds aan skole gekommunikeer word om beplanning te vergemaklik en onnodige begrotingsaanpassings te voorkom.

- Hersiening van die nasionale norme en standaarde vir skoolbefondsing (NNSSB), oftewel National Norms and Standards for School Funding (NNSSF): Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) moet herbesin oor die NNSSB vir 2024 en moet die kwintielklassifikasies herwaardeer, veral vir kwintiel 5-skole in armer gebiede. Die huidige klassifikasie weerspieël nie die werklike sosio-ekonomiese omstandighede nie en lei tot onbillike befondsing.

- **Verbeterde terugbetalingsmeganisme vir kwytskeldings:**
  Die GDO behoort ŉ versnelde en deursigtige uitbetalingskema vir kwytskeldings te implementeer sodat skole se kontantvloei gestabiliseer word en begrotings meer betroubaar beplan kan word.

- **Oudit van kwintielklassifikasie en befondsingsgaping**
  ŉ Onafhanklike oudit behoort onderneem te word om te bepaal watter skole verkeerdelik as kwintiel 5 geklassifiseer is en gevolglik te min ondersteuning ontvang. Die resultate kan gebruik word om toekomstige toewysings te herkalibreer.

- **Moontlike regs- en beskermingstappe**
  Skole en belanghebbende instellings kan dit oorweeg om ŉ formele klag by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (MRK) in te dien met verwysing na artikel 29(1) van die Grondwet wat die reg op onderwys van gehalte en toegang tot onderwys waarborg. Alternatiewelik kan ander regsremedies ondersoek word.

- **Samewerking met burgerlike organisasies en gemeenskapsvennote:**
  Skole moet aangemoedig word om sterker vennootskappe met ouerverenigings, burgerlike organisasies en die breër gemeenskap te sluit om alternatiewe finansiële ondersteuning, fondsinsamelings en strategiese hulpbronne te mobiliseer.

SOLIDARITEIT

